



# Gebruik nuutste tegnologie in bulseleksie

As 'n boer eers na die diere kyk en daarna na die syfers, sal hy agt uit tien keer die verkeerde bul vir sy kudde koop. Benut waardevolle tegnologie só reg om stoet- en kommersiële beeste doeltreffender te lewer.

n beesseleksie is altyd twee aspekte ter sprake, naamlik visuele waarneming van onder meer bouvorm en strukturele korrektheid, asook genetiese eienskappe wat in teelwaardes weerspieël word. Die geheim is om dié twee aspekte saam te gebruik om doeltreffender te wees.

Die kommersiële boer moet weet watter eienskappe belangrik vir sy produksiestelsel is (byvoorbeeld speenkalfproduksie) voor hy reg kan selekteer. Hy moet ook 'n goeie begrip van die swak en sterk punte van sy kudde hê. Dus is dit belangrik om voor 'n veiling deeglik te beplan sodat hy die regte bul vir sy kudde kan koop en nie bloot die mooiste bul nie.

Die einddoel is nié om mooi koeie en bulle voort te bring nie, maar om bulle vir die kommersiële teler te lewer wat deur hul kalwers méér geld in die sak gaan bring. Gebruik dus die beskikbare tegnologie.



LIGGING

Aldam

## WAARDE VAN TEELWAARDES

Op sig sien 'n mens hoofsaaklik die visuele eienskappe, soos bouvorm. Daar is goeie keurders en boere wat weet hoe 'n bul moet lyk en of hy struktureel korrek is. Die genetiese eienskappe is egter grootliks nie met die oog sigbaar nie.

Deur diere gereeld te weeg en te meet vir verskillende eienskappe en die verwerking van dié inligting tot teelwaardes, deur byvoorbeeld Breedplan, verkry die boer 'n kragtige bron om sy seleksie vir sekere eienskappe te verbeter en te verfyn.

Kom ons konsentreer op bulle omdat hulle verreweg die grootste invloed op 'n kudde het (meer as 95% vergeleke met 'n koeie of 50% van sy koeitrop). Die dae is verby dat kommersiële boere bulle net op sigwaarde koop. 'n Stoetboer verkoop meer as 90% van sy bulle aan kommersiële telers. Om elke



LINKS BO: Mnr. Llewellyn Angus.

FOTO: CHARL VAN ROOYEN

HEEL BO: 'n Simbrabul wat deur seleksie vir 'n hoë randwaarde geteel is en wat ook teelwaardes vir bogemiddelde groei, gemiddelde volwasse gewig en hoë vrugbaarheid, asook 'n goeie bouvorm het.

FOTO: LLEWELLYN ANGUS

BO: Simmentaler- en Simbrabulle wat almal bogemiddelde rand-ekonomiese waardes het. FOTO: LLEWELLYN ANGUS

keer die mooiste bul te koop, sal geneen van die stoet- of kommersiële teler op lang termyn veel baat nie.

## BALANSEER DIE TWEE

Hoe balanseer 'n beesboer voorkoms en syfers? Die maklikste is om eers na die syfers te kyk en 'n lys te maak van die bulle met aanvaarbare syfers. Daarna gaan kyk 'n mens visueel na slegs die bulle op die lys en maak dan daaruit die uiteindelijke keuse.

Wat is die regte bul vir sy kudde? Die boer móét weet watter eienskappe belangrik in sy stelsel is, byvoorbeeld vrugbaarheid en speengewig. Die meeste boere het 'n speenkalfstelsel waardeur hulle bulkalwers aan 'n voerkraal verkoop en die meeste van die speenverse vir vervanging terughou. In

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16
2018	GKD	GKM	GG	200	400	600	VKG	Melk	SO	DC	OSA	BSV%	USP%	SVV	SVG	TV
BTW	+2,2	+1,5	+1,3	+15	+24	+26	+28	+9	+1,2	-3,3	+1,0	+0,5	+1,2	+R85	+R110	+R135
Akk.	55%	45%	65%	63%	59%	52%	51%	60%	35%	39%	45%	47%	46%	-	-	-
Ras	+0,5	+0,6	+1,5	+16	+25	+31	+33	+5	+0,3	-0,5	+0,3	+0,1	+0,2	+47	+96	+126

### KORTOM

- 'n Veeboer moet sy huiswerk doen voor hy 'n bul koop en onder meer goed besin oor watter stelsel hy gebruik en watter eienskappe in sy kudde ontbreek.
- Daarna gebruik hy teelwaardesifers en 'n laaste visuele beoordeling om die regte bul te kies, want die seleksie van teelbulle kan nie meer bloot op voorkoms gedoen word nie.

dié stelsel sal die teelwaardes vir die 200-dae-gewig (nr. 4 in die tabel), dae tot die koei kalf (nr. 10) en skrotumomvang (nr. 9) baie belangrik wees. Skrotumomvang het 'n beduidende invloed op vrugbaarheid. Natuurlik sal kalfgemak en geboortegewig (nrs. 1, 2 en 3) altyd belangrik wees.

Deesdae is karkasteelwaardes ook beskikbaar (nrs. 11, 12 en 13). Onthou net om voorkeur te gee aan die eienskappe waarvoor jy selekteer. Vrugbaarheid (nrs. 1, 2, 9 en 10) is ekonomies gesproke vyf keer belangriker as groei (nrs. 3, 4, 5, 6 en 7), wat op sy beurt weer heelwat belangriker as karkaseienskappe is (nrs. 11, 12 en 13).

### RANDTEELWAARDES

Sommige beesrasse het ook randteelwaardes vir verskillende stelsels, soos selfvervangende-voerkraalindeks (SVV), wat bogenoemde speenkalfstelsel uitbeeld (nr. 14). Daar word basies 'n randwaarde toegeken aan die eienskappe van belang (200-dae-gewigteelwaarde, ens.). Indien randwaardes beskikbaar is, merk 'n mens eers die bulle met die beste randwaardes vir jou stelsel. Maak seker die randwaarde is bókant die rasgemiddelde (bv. +R85). Met 'n rasgemiddelde van +R47 beteken dit die betrokke dier is dus R38 beter (nr. 14).

Daarna kyk jy na individuele teelwaardes soos kalfgemak, geboortegewig en afsnypunte op 200 dae-gewig. Eers daarna kyk jy visueel na die bulle wat die lysie op syfers gehaal het.

### DRIE ASPEKTE

Daar is drie aspekte wat tot 'n bul se teelwaardes bydra, naamlik sy eie metings, sy stamboom (ouers, grootouers en ander verwantes) en sy nageslag se metings. Wanneer 'n twee- of driejarige bul op 'n veiling gekoop

## BERAAMDE TEELWAARDES EN HUL EIENSKAPPE

Beraamde teelwaardes (BTW's) is seleksiemiddele wat die boer help om die beraamde, genetiese verskille tussen diere vir 'n wye verskeidenheid ekonomiese, belangrike eienskappe te beraam. Die TABEL hierbo bevat voorbeelde van BTW's vir verskillende eienskappe. Hieronder is 'n verklaring van elke teelwaarde.

### VERKLARING VAN AFKORTINGS EN TERME

<b>1. GKD (kalfgemak, direk; %):</b> Die vermoë van 'n vers om op 24 maande ouderdom sonder hulp te kalf. 'n Hoë persentasie is wenslik.
<b>2. GKM (kalfgemak, maternaal; %):</b> Die vermoë van 'n dier se dogters om op 24 maande sonder hulp te kalf. 'n Hoë persentasie is wenslik.
<b>3. GG (geboortegewig):</b> Beramings van genetiese verskille in kalwers se geboortegewig. Na gelang van die teeldeelwit is 'n gematigde BTW wenslik.
<b>4. 200-dae-gewig (kg):</b> Lewende gewig op ouderdom 200 dae. 'n Hoë BTW is wenslik.
<b>5. 400-dae-gewig (kg):</b> Lewende gewig op ouderdom 400 dae. 'n Hoë BTW is wenslik.
<b>6. 600-dae-gewig (kg):</b> Lewende gewig op 600 ouderdom dae. 'n Hoë BTW is wenslik.
<b>7. VKG (volwasse koeigewig; kg):</b> Beramings van genetiese verskille in koeigewig op vyf jaar. Kleiner of gematigde BTW's is algemeen méér aanvaarbaar om die kudde se onderhoudskoste te verlaag.
<b>8. Melk (kg):</b> Melkproduksie en moedereienskappe uitgedruk as die 200-dae-gewig van dogters se kalwers. Gematigde, positiewe BTW's is méér aanvaarbaar.
<b>9. SO (skrotumgrootte; cm):</b> Omtrek van die skrotum (teelballe). Groot, méér positiewe BTW's is gunstiger vir vrugbaarheid.
<b>10. DTK (dae-tot-kalf):</b> Die vrugbaarheid van 'n bul se dogters. Dit is die tydverloop vanaf die dag wat die vroulike dier vir die eerste keer by 'n bul in 'n kamp gesit word om gedek te word totdat sy kalf. 'n Negatiewe BTW dui op 'n korter interval en dus hoër vrugbaarheid.
<b>11. OSA (oogspierarea; cm):</b> Die oogspier se oppervlakte by die ribbes, aangepas vir 'n 300 kg-karkas. Groter BTW's is verkieslik, want dit is gunstiger vir 'n hoër uitslagpersentasie.
<b>12. BSV (binnespiervet; %):</b> Die persentasie binnespiervet in 'n 300 kg-karkas. Klem op hierdie eienskap hang af van die mark se vereistes. In die algemeen is groter, meer positiewe waardes aanvaarbaar.
<b>13. USP (uitslagpersentasie; die persentasie karkas wat die bees uitslag in verhouding tot lewende gewig; %):</b> Die verkoopbare opbrengs van 'n 300 kg-karkas. 'n Hoë, positiewe waarde is gunstiger.
<b>14. SVV (selfvervangende voerkraalwaarde; rand):</b> Gegronde op 'n hoogs vrugbare, selfvervangende kudde en bemerkbare bulle aan 'n voerkraal.
<b>15. SVG (selfvervangende grasveldwaarde; rand):</b> Gegronde op 'n hoogs vrugbare, selfvervangende kudde wat bulle op grasveld afrond.
<b>16. TV (terminale vaar; rand):</b> Vir kuddes waar geen nageslag vir teling of vervanging teruggehou word nie.

word, kan sy akkuraatheid rondom 60% vir eienskappe wees indien die kudde goeie prestasietoetsing toepas. Sodra hy nageslag het wat self gemeet en geweeg is, skiet die akkuraatheid op.

Onthou, 'n 60%-akkuraatheid vir eienskappe by veilingsbulle word as redelik akkuraat beskou, maar teelwaardes kan redelik op- of afwaarts verander namate nuwe inligting ingesamel word.

Benewens akkuraatheid vergelyk die koper altyd die eienskap met die rasgemiddeldes. Voorbeeld: 'n +12 vir 200-dae-gewig-teelwaarde by 'n bul waar die rasgemiddelde +15 is, beteken die bul is eintlik 3 kg onder die rasgemiddelde.

Die dier in hierdie voorbeeld het wel goeie kalfgemak en geboortegewig onder die ras-

gemiddelde, maar sy groei in verskillende stadia is deurgaans onder die rasgemiddelde.

Genomika gaan binnekort 'n belangrike rol in diere se teelwaardes speel. Merkergene vir sekere eienskappe (byvoorbeeld 200-dae-groei of vrugbaarheid) gaan gekombineer word met huidige teelwaardes om akkurater genomies beraamde teelwaardes (GBTW's) te gee. **LBW**

*Mnr. Llewellyn Angus is 'n bekroonde stoetboer van Arlington. Hy en mnr. Martin Seyfferdt van Bloemfontein, twee van die mees ervare interrasbeoordelaars in Suid-Afrika, gaan 'n praktiese werksessie op die Aldam-veeskool aanbied oor hoe seleksie met die nuutste tegnologie in die praktyk toegepas kan word.*